# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **7 MEI 2013**

PIETERSBURG

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Bertus Visagie Tel. No. 083 495 5134 e-pos: bvisagie@vwpolokwane.co.za
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.1** | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming** | |
| | Dennis Traynor open die vergadering met gebed waarna Rudi Myburgh almal teenwoordig welkom heet by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| **1.2** | **Voorlees van Doelstellings** | |
| | Die Doelstellings was nie voorgelees nie. | Almal |
| **1.3** | **Verskonings / Apologies** | |
| | Fanie Hattingh, Paul Vorster, Pierre van Jaarsveld, Jaco Jooste, Gerhardt de Villiers, Nico Wepener, Dries Roux, Ockert Fourie, August Thom, Jaco Thom, Callie Mouton, Sakkie Labushagne. | Almal |
| **1.4** | **Presensielys / Attendance List** | |
| | Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| **1.5** | **Mosies / Motions** | |
| | Geen mosies is ingedien vir bespreking. | Almal |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence** | |
| | 1.6.1. Chasa persverklaring oor geblikte leeujag – Verklaring word | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | voorgelees. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting** | |
| | 1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 9 April 2013. | Almal |
| | 1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>1.9.1. Verander "banke" na "stoele". | |
| | 1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Werner Thom | |
| | 1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Stan Rodgers | |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake** | |
| | Gen nuwe sake is op die agenda geplaas nie. | |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising** | |
| | 1.9.1 Skietbaan<br>Rudi rapporteer dat die werk aan die baan stadig vorder. Tans word daar bane gebou vir `n nasionale pistool kompetisie, so al die bane is gesluit. Rudi rapporteer verder dat daar weer "tags" vir die hek bestel is. Tafels by die 50m baan moet ook geplant word. Die stoele vir die 100m baan is klaar en moet opgesit word. Verder moet daar `n grondwal langs die grens met die Silikonpad gebou word. Rudi noem ook dat Decs de Jager die tak by die baan komitee gaan verteenwoordig as ad hoc lid. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.2 Jaggeleenthede<br>Rudi bevestig dat daar jaggeleenthede op die BJV webwerf beskikbaar is. Rudi noem ook weer van `n geleentheid by Mooketsi. Inligting is by Rudi beskikbaar. | Rudi Myburgh |
| | 1.9.3 Bevoegdheidsertifikate<br>Stephan rapporteer dat hy navraag by SAGA gedoen het oor wat die situasie is rakende bevoegdheidsertifikate wat verval. Hulle aanbeveling is dat lede wat se sertifikate verval dit gaan hernu aangesien lisênsie aansoeke soms geweier word omdat die sertifikaat as verval aangedui word op die SAPD se rekenaarstelsel. Lede noem dat hulle nie sulke probleme in | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Pietersburg ondervind het nie. | |
| **1.10** | **Opleiding / Training** | |
| | 1.10.1 Vleisverwerking | |
| | Rudi rapporteer dat `n vleisverwerkingskursus op 1 Junie 2013 aangebied word. Die kursus sal om 9:00 begin. Stephan Coetsee en Manie Uys sal dit aanbied. Decs de Jager sal `n rooibok gee om te verwerk. Lede kan hulle name by Debbie opgee. | Almal<br>Debbie |
| | 1.10.2 Chasa kursus | |
| | Rudi rapporteer dat die volgende kursus op 6 Julie 2013 aangebied sal word. Lede wat belangstel moet hulle name by Debbie opgee. Die koste beloop R200.00 per persoon. | Rudi Myburgh |
| | 1.10.3 Baanbeampte kursus | |
| | Rudi sal `n datum deurgee wanneer daar weer `n baanbeampte kursus aangebied word. | Rudi Myburgh |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.11.1 Algemeen | |
| | Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Toegewyde jagters se ledegelde vir die 2012/13 jaar moes voor die einde van November 2012 betaal gewees het. Frans Roos vra of Toegewydejagter status verval. Rudi verduidelik dat dit nie verval nie. Dit is egter volgens wet gekoppel aan lidmaatskap van `n vereniging. Indie lidmaatskap verval, verval toegewydejagter status ook. | Toegewyde Jagters |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings | |
| | Rudi Myburgh rapporteer dat daar dertien nuwe aansoeke was gedurende die afgelope maand. | Almal |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Aangesien Ben Redelinghuys nie teenwoordig is nie staan die punt oor. | BRedelinghuys |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | |
| | 1.13.1. Jaco Jooste vra vir hulp tydens skietdae. Rudi noem weer dat daar na die vergadering saamgeëet word. Die tak betaal R25.00 per lid en die lid die uitstaande deel van die rekening. | Almal |
| | 1.13.2. Rudi noem ook dat hy `n wildsproe wil aanbied. Die idee is dat verskillende persone verskillende geregte maak wat dan geproe kan word. Lede wat solank aanbied om geregte te | Rudi Myburgh |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | maak is:<br><br>Decs de Jager, Frans Roos en Bertus Visagie. Nog lede word gevra om geregte te maak.<br><br>Wild skenkings word aangebied deur Pieter Olivier en Bertus Visagie. | |
| **1.14** | **Skietdae**<br><br>1.14.1 Chasa Posliga Jaggeweer Skietdag – 20 April 2013<br><br>Dennis rapporteer dat die dag uitgereeën het. | Dennis Traynor |
| | 1.14.2 Skietdag – 18 Mei 2013<br><br>Dennis noem dat die dag \`n pretskiet sal wees. Die volgende word geskiet:<br>• \`n strom leeu (5 skote)<br>• Jaggeweer (5 skote)<br>• .22 (20 skote)<br>• Boog (5 pyle) | Dennis Traynor |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Geen nuwe sake is bespreek nie.** | |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| | Frans Roos vra of die nuwe hemde nog nie gekom het nie. Rudi rapporteer dat die groot aanvraag \`n vertraging tot gevolg gehad het. Die hemde sal moontlik eers einde Augustus hier wees. | Almal |

## 4. VOLGENDE VERGADERING<br>NEXT MEETING

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal plaasvind op 4 Junie 2013 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi Myburgh bedank almal vir hulle insette gedurende die vergadering. Almal word uitgenooi om saam te kom eet en sosiaal te verkeer. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

_____________________ _____________________

Sekretaris Datum

_____________________ _____________________

Voorsitter Datum